

Gepaste deelname aan die Nagmaal

Teks: 1 Korinthiërs 10: 1 - 22 & Sondag 30
Teksvers: 1 Korinthiërs 10: 21 -22

1. Inleiding

Ons staan in hierdie nabetragtingsdiens stil by die tafel van die nagmaal. Iets wat vir ons altyd opvallend is, is natuurlik hoe leeg 'n die kerk by 'n nabetragtingsdiens is. En hierdie preek is waarskynlik seker weereens gerig op die broers en susters wat nie teenwoordig is nie. Maar kom ons wat wel hier is, leer saam oor die tafel van die Here.

Ons neem 1 Korinthiërs 10 vers 21 en 22 as teksvers. Verse wat duidelik die eksklusiwiteit van die Christelike geloof beklemtoon. Maar terselfdertyd ongelukkig ook ons arrogansie teenoor die Here. Tog is hierdie skynbare geslotenheid juis die eienskap wat dikwels deur mense as liefdeloos beskryf word. Meeste ander gelowe sien hulle self maar net as een van die ware gelowe. Een van die paaie tot bo op die berg is die term wat dikwels gebruik word. En dan sodra daar 'n geloofsoortuiging voorkom wat homself as heilig sien en al die alle ander gode as valse afgode sien, dan kom die naels vinnig uit. Dieselfde is natuurlik waar van ander denominasies van die Christelike geloof.

So byvoorbeeld was is daar ook binne die Christendom al 'n paar keer die neiging gewees to Universalisme. In kort kan Universalisme saamgevat word met die woorde "Omdat God 'n liefdevolle God is, sal niemand werklik verlore gaan aan die einde van die tyd nie". Hiermee saam kom daar dan gewoonlik die uitsprake dat die Hel net 'n bangmaak storie is, en dat niemand werklik in die Hel sal beland nie. Alles wat uiteindelik neerkom op "n jy kan maat doen wat jy wil benadering".

Al hierdie dinge vind 'n besonderse saamknooppunt by die nagmaalstafel. En omdat ons kerklike denominasie een van die min groeperings is wat wel die konsep van die geslote nagmaalstafel beoefen soos ons duidelik in die eerste diens gesien het, is daar nut om in diepte op vraag 81 en 82 van Sondag 30 in te gaan.

2. Om aan twee tafels te sit

Met die woorde "21Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van bese geeste nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van bese geeste nie." beklemtoon ons teksvers duidelik die eksklusiwiteit van die Christelike geloof. Dit is interessant dat in ons samelewing waar baie waarde geheg word aan die kwaliteit van goedere, so baie mense eerder tevrede met 'n afgewaterde geloof. In ons handelsmerk behepte samelewing word moeite gedoen met kwaliteit. Selfs ook die nuwe neiging na organiese voedsel. In hierdie bedryf word geen vermengings of onsuiverhede geduld nie. Maar in ons geloof? Ons verdun ons geloof tot op die uiterste, met 'n klein nagmaalstafel en leë nabetragtingsdiens.

Die probleem is dat ons samelewing al so opgeneem is in 'n post-modernistiese denk raamwerk van meer as een absolute waarheid dat ons ook al so oor ons godsdien begin dink. Ook in die gemeente van Korinte was baie lidmate bekeerlinge van die griekse godsdienste met hulle baie verskillende gode. Hulle het dan sommer hierdie idees oorgedra na die kerk. Maar onmiddelik werklik die uitspraak van Deuternomium 6 vers 4: " die Here is ons God, Hy is die enigste Here." Dit is wat Jesus ook self in Markus 12 aan haal.

Maar steeds vandag is daar mense wat dink dat die Christelike Geloof ook maar net iets is wat 'n mens bysit. Dit word dikwels nie gesien as iets wat jou hele lewe verander nie. Vir baie mense is die Christelike godsdien net 'n kragtige bymiddel om ander bestaande dinge in hulle lewe beter te maak. Daarvan is die aanbidding van verskeie afgode van ons tyd duidelik. Ons sien dat die Here ingespan word om dinge soos geld, politiek, ontspanning, sport of sukses te aanbid. Maar ons kan nie aan hierdie afgode se tafel en aan die Here se tafel sit nie. Want die Here is 'n jaloerse God volgens Eksodus 20 vers 5, Hy deel sy eer met niemand nie.

3. Die regte gesindheid

Tog sit ons nie aan die nagmaalstafel aan omdat ons glo dat ons van alle afgode in ons lewe ontslae geraak het nie. Nee ons kom juis die verlossing buite onself soek. Verlossing so duur dit het die lewe van ons Here Jesus Christus gekos. Die nagmaalsformulier som die gesindheid waarmee aangesit word aan die nagmaalstafel op in drie dele. Hierdie drie dele word 'n hoeksteen van ons geloofslawe. In so 'n mate dat ook die indeling van die Heidelbergse Kategismus gebaseer is op hierdie drie dele.

Die eerste deel handel oor ons sondebeseft. Om by die nagmaalstafel te kom sit, is geen persoonlike prestasie nie. Dit is nie iets wat ons in onself bereik nie. Daarom hoort hoogmoed nie by die nagmaalstafel nie. Inteendeel deur gereelde en indringende skrifstudie en gebed word ons al hoe meer bewus van hoeveel sonde ons steeds daaglik doen.

Die tweede deel handel oor waar ons verlossing vir hierdie verlore toestand van die mens kry. Dit vind ons slegs in die sterwe en opstanding van ons Here Jesus Christus. Die nagmaalstafel word dan juis die sigbare tekens en seëls van ons verbondenheid en derhalwe ook ons redding in Jesus Christus.

Die laaste gedeelte gaan oor dankbaarheid. En is in besonder die onderwerp van 'n nabetragtigingsdiens. En die opregte voorneme om in opregtheid te lewe. Om die sonde teen te staan en hoe langer hoe meer 'n heilige lewe te lei. In hierdie dankbaarheid word ook die feit opgesluit dat ons nie verdien om na die nagmaalstafel te kom nie. God nooi ons onverdiend uit daarheen. En daarom is ons opreg dankbaar daarvoor. En hierdie dankbaarheid moet ook duidelik sigbaar wees in ons bywoning van 'n nabetragtigingsdiens. En in ons daaglikse handel en wandel.

4. Die toesig oor die tafel

Maar onmiddelik maak die voorafgaande dit duidelik dat nie almal na die nagmaalstafel kom nie. En ook dat nie almal moet kom nie. Want daar bestaan ook skyngeelwiges in ons samelewing. Soos wat in 2 Timoteus 4 vers 5

aan ons geopenbaar word "5Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie." Ons gevoel om hierdie mense van die nagmaal te weerhou, word dan ook bevestig in die woorde van 1 Korinthiërs 11: 29 "29want hy wat eet en drink sonder om te beseft dat dit die liggaam van die Here is, bring daardeur 'n oordeel oor homself."

Maar die teks stop nie daar nie. Want in die volgende vers, vers 30 sê Paulus dat dit die rede is waarom daar baie swakkes en sieklikes onder die mense is. Die oordeel is dus nie net oor die mense self nie, maar ook oor die gemeente. Soos die hele volk in Joshua 7 gestraf word oor die bangoed wat 'n gedeelte van die volk geneem het. So rus die straf ook oor die hele gemeente wanneer iemand die verbondsmaal van die Here ontheilig. Ook hier in ons nabetragtigingsdiens kan ons nie soos 'n Kiaan vra of ek dan my broer se hoeder is nie? Ons is verantwoordelik vir mekaar.

Tog is daar ook 'n ander liefdes element. Juis omdat die kerk omgee vir die persoon wat 'n oordeel oor homself eet en drink. Juis daarom wil ons iemand eerder weerhou as dat hy/sy 'n oordeel oor hulleself eet en drink. Hierdie sleutel mag is aan die kerk gegee en Sondag 31 brei meer daarop uit. Maar die kerk gebruik nie hierdie sleutels soos uitsmyters nie. Nee hierdie sleutels gee eerder die voorreg om die koningryk van die hemel oop te sluit vir mense. Hierdie sleutels is van goud gemaak, die goud van die liefde van die Here. Die liefde van Johannes 3 vers 16, dat God ons so lief gehad het dat Hy sy eniggebore seun nie gespaar het nie.

5. Slot

Ten slote. Ons het dit duidelik in die begin gestel dat ons in hierdie preek gaan handel oor die moeilike onderwerp van die geslote nagmaaltafel. Maar hoe meer ons die teks bestudeer, hoe meer sien ons dat ons dikwels die verkeerde gesindheid oor nagmaal het. Ons dink dat dit ons besluit of en wanneer ons gaan Nagmaal gebruik. Tog is die Nagmaal die feesmaal van die Here waarheen ons in genade uitgenooi word. Ons het dus nie 'n reg om Nagmaal te gebruik nie, maar die voorreg.

Maar dan is hierdie uitnodiging nie sommer iets wat ons willens en wetens kan ignoreer nie. In 1 Kor 11: 24, 25 staan duidelik “doen dit tot my gedagtenis”. Daarom is die gebruik van die nagmaal ook ’n bevel van die Here. En ’n mens kan dus deur onnodig van die Nagmaal weg te bly ook ’n oordeel oor jouself haal.

Hierdie oordeel oor jouself en die gemeente is juis dit wat die kerk wil vermy. En daarom is die liefdevolle handeling van weerhouding van die Nagmaaltafel soos nodig. Dit is soos om ’n kind wat besig is om iets te doen wat homself gaan benadeel te keer. Is daar nie liefde geleë in hierdie vermaning nie. Weereens ten laaste word die weerhouding van die Nagmaalstafel nie uit ’n hoogmoedige hoogte toegepas nie. Dit is eerder ’n nederig aan die hand vat en voor die Woord van die Here bring. En die besef tuisbring dat ’n mens nie twee Here kan dien nie soos wat Matt 6:24 dit vir ons duidelik maak.

Amen